higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

# MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
## NKR VLAK 2

(5050022)

**12 November 2024 (Y-vraestel)**
**13:00–16:00**

**Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.**

070Q1N2412

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou

**AFDELING A**

**VRAAG 1**

Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–P) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Kennis | A | Om ’n aktiwiteit (’n vaardigheid) herhaaldelik of gereeld uit te voer om bekwaamheid te verwerf, te verbeter of te handhaaf |
| 1.2 | Pedagogie | B | ’n Studiekursus wat die vakke aandui wat deur ’n skool of kollege onderrig word |
| 1.3 | Begrip | C | Om iets te onthou of te herken wat voorheen teëgekom is sonder om dit noodwendig te verstaan, te gebruik of te verander |
| 1.4 | Kurrikulums | D | Om iets nuuts te skep deur verskillende idees te kombineer |
| 1.5 | Toepassing | E | Onderwysers is gemoeid met doelstellings, die skakeling tussen beginsels en praktyk |
| 1.6 | Gestigmatiseer | F | Wanneer ’n persoon onbillik deur baie mense beskou word as iemand wat sleg is of iets het om oor skaam te wees |
| 1.7 | Analise | G | Die metode waarvolgens onderwysers onderrig, teoreties en in die praktyk |
| 1.8 | Tegniese refleksie | H | Die handeling waarvolgens iets op ’n oppervlak geplaas word |
| 1.9 | Sintese | I | Om die kriteria te verstaan wat oorgedra word sonder om dit noodwendig met iets anders in verband te bring |
| 1.10 | Formele onderrig | J | Om die waarde van materiale of metodes te beoordeel soos hulle in ’n bepaalde situasie toegepas kan word |
| 1.11 | Evaluering | K | Opvoeders is gemoeid met kwessies buite die klaskamer, sodat morele en maatskaplike kwessies soos gelykheid en bevryding tot hul besinning oor klaskamerpraktyk kan bydra |
| 1.12 | Informele onderrig | L | Om algemene konsepte te gebruik om ’n bepaalde probleem op te los |
| 1.13 | Praktiese refleksie | | |
| 1.14 | Oefening | | |
| 1.15 | Kritiese refleksie | | |

Kopiereg voorbehou

| | |
|---|---|
| | M Gedetailleerde studie van die elemente waaruit iets bestaan<br><br>N Onderwysers is gemoeid met die tegniese toepassing van kennis in die klaskamer om orde te handhaaf en uitkomste te bereik<br><br>O Die gestruktureerde onderwysstelsel wat van laerskool tot universiteit strek<br><br>P 'n Lewenslange leerproses waarvolgens elke individu gesindhede, waardes, vaardighede en kennis van die opvoedkundige invloede en hulpbronne in sy of haar eie omgewing en daaglikse ervaring verwerf |

(15 × 1) **[15]**

**VRAAG 2**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Evolusie beteken dat geleidelike veranderinge oor geslagte in 'n bevolking plaasvind.

2.2 'n Ovum is die begin van lewe in die baarmoeder.

2.3 Gene is basiese biologiese eenhede bestaande uit PNA.

2.4 Die hipotalamus werk soos jou hart se termostaat.

2.5 Linguistiese intelligensie hou verband met 'n genieting van taal.

2.6 Logiese en wiskundige intelligensie het niks met die studie van sportstatistiek te doen nie.

2.7 'n Introvert is 'n baie gesellige persoon.

2.8 Mense met 'n sterk natuurintelligensie hou daarvan om in die tuin te werk.

2.9 Maturasie is 'n "tydrooster" van groei wat op die een of ander beplande manier in die baba plaasvind.

2.10 Affektiewe groei in die baba is uiters belangrik en vorm die basis vir emosionele ontwikkeling in ons lewens.

2.11 Die samelewing is 'n groep mense wat geensins daarin belangstel om hulself te organiseer nie.

2.12 Die Postindustriële samelewings het teen die einde van die 19de eeu ontstaan.

Kopiereg voorbehou 

2.13 In 1820 het die Britte 5 000 Britse Setlaars wat pas in die land aangekom het as ’n buffer teen die Zulus aan die Oosgrens geplaas.

2.14 Indien ’n leerder ’n lewenslange leerder wil word, is dit noodsaaklik dat hy of sy kritieke kruisvelduitkomste bereik.

2.15 SAKO staan vir Suid-Afrikaanse Kwantiteitorganisasie.

(15 × 1) **[15]**

**VRAAG 3**

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| 27 jaar; 1974; Nguni; doelwitte; D.F. Malan; naam; pers; pas; 25 jaar; 1976; Sotho; Urie Bronfenbrenner; J.B.M. Hertzog; Abraham Maslow; etniese |

3.1 Een van die ... van die NKR is om seker te maak dat elke leerder tot sy/haar volle potensiaal ontwikkel.

3.2 Mandela was vir ... jaar in die tronk.

3.3 Die Hector Pieterson-gedenkteken in Soweto gedenk die jeug wat by die ...-opstande in Soweto betrokke was.

3.4 Die stigter van die Gesuiwerde Nasionale Party vir ekstreme Afrikanernasionaliste was …

3.5 ... is ’n groep bestaande uit die Zulu, Xhosa, Swazi en ander groepe.

3.6 Elke kind het die reg op ’n ... en nasionaliteit vanaf geboorte.

3.7 Vryheid van uitdrukking sluit in die vryheid van die ... en ander media.

3.8 Die kindersielkundige ... het die manier waarop sielkundiges en ander sosiaalwetenskaplikes die studie van mense en hul omgewings benader, verander.

3.9 In die afgelope vyf dekades het maatskaplike ontwikkeling toegeneem wat ... en intensiteit betref.

3.10 ’n Gemeenskap wat op grond van ras, staat of stam verbind word, staan as ’n ... groep bekend.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 4**

4.1 Noem en verduidelik die VIER breinlobbe. (4 × 2) (8)

4.2 Voedingstowwe speel ’n uiters belangrike rol in die mens se groei en ontwikkeling.

Lys VIER voedingstowwe wat goed is vir die brein. (4 × 1) (4)

4.3 Die fertilisasieproses in mense volg VIER stadiums.

Beskryf daardie stadiums. (4 × 2) (8)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

**AFDELING B**

**VRAAG 5**

5.1 Sekere voedselsoorte kan breinfunksie verbeter. Kyk na die illustrasies, besluit watter voedselsoorte breinfunksie sal verbeter en verduidelik hoe.



APPELS



BRUINBROOD



SALM



DOUGNUTS




JOGURT




AARTAPPELSKYFIES




ROSYNTJIES

[Vertaal uit: *google.com/pictures 2024*]

(5 × 2) (10)

5.2 Bloom het die kognitiewe domein van leer volgens kompleksiteit en rykheid in wisselende vlakke geklassifiseer.

Noem VYF basiese eienskappe van die SOSIO-AFFEKTIEWE domein. Bespreek elkeen. (5 × 2) (10)

5.3 Illustreer die Holistiese Onderwysmodel. (5 × 2) (10)

**[30]**

**VRAAG 6**

6.1 Hoe sou jy onderwys en opleiding verduidelik? (4 × 2) (8)

6.2 Die omgewing speel ’n baie belangrike rol in hoe menslike wesens ontwikkel.

Beskryf hoe omgewingsfaktore na jou mening menslike ontwikkeling beïnvloed. (6 × 2) (12)

6.3 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.3.1–6.3.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.3.1 ’n Mens se brein word in die regter- en linker- (neuron/hemisfeer) verdeel.

6.3.2 Die brein- (stam/wortel) beheer jou onwillekeurige spiere en liggaamsfunksies. (2 × 1) (2)

6.4 Lees die artikel oor homofobie. Die joernalis gebruik begrippe soos *aanvaarding, wettiging, lesbies, gay, vooroordeel, onkunde, sosiale bekragtiging.*

Besin kortliks oor wat jy uit hierdie artikel geleer het.

**Homofobie en geestesgesondheid: ’n plaag van die moderne era**

Homofobie is steeds ’n plaag in die moderne tyd. Ondanks groter aanvaarding van seksuele variasie en selfdegeslaghuwelike in baie lande, word homofobie algemeen volgehou deur godsdienstige, politieke en kulturele waardes en oortuigings op individuele en maatskaplike vlak. Die meeste homofobiese gesindhede is gebaseer op die beginsel van heteronormatiwiteit waarvolgens heteroseksualiteit die standaard is vir die wettiging van sosiale en seksuele verhoudings, terwyl homoseksualiteit as ’n abnormale variant beskou word.

Ten spyte van ’n toenemende aanvaarding van homoseksualiteit en seksuele variasies in die afgelope dekades, met groter erkenning van selfdegeslaghuwelike en menseregte, wat ook versterk word deur (lesbies, gay, biseksueel, transgender, queer, interseksueel) aktivisme en sosiopolitieke veranderinge, is homofobie steeds ’n plaag in die moderne era en die stryd teen hierdie maatskaplike en kulturele fenomeen behoort ’n prioriteit te wees.

Sommige ander skrywers voer ook aan dat homofobie nie ooreenstem met die definisie van fobie nie, wat bedoel is om ’n ‘intense, ietwat onlogiese of abnormale vrees’ vir ’n spesifieke ding of situasie te wees. Homofobie word gehandhaaf deur negatiewe gesindhede, emosies asook godsdienstige, politieke en kulturele waardes en oortuigings. Trouens, baie faktore kan tot homofobie lei: vooroordeel, onkunde, vrees, haat, wantroue en ongemak.

In gemeenskappe wat op homofobie gegrond is, is die vrees om as gay geïdentifiseer te word groter, en kan dit as sosiale homofobie beskryf word. Dit kan tot ’n vertoon van heteroseksuele gedrag lei wat met die heteronormatiewe kultuur ooreenstem. Daarvolgens distansieer mense hulle van gay persone om ’n konvensionele sosiale rol te herbevestig en sosiale bevestiging te bekom.

[Vertaal uit: *https”//www.articles/PMC8264802. 29 Jun 2021*]

(4 × 2) (8)

**[30]**

## VRAAG 7

7.1 Hoe kan jy tot die volledige persoonlike ontwikkeling van elke mens en die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die samelewing bydra? (4 × 2) (8)

7.2 Rangskik die volgende gebeure in chronologiese volgorde. Skryf die nommers 1−5 in jou ANTWOORDBOEK neer en skryf jou antwoorde dienooreenkomstig neer.

- In 1795 het die Britse magte die Kaap by die Hollandse magte oorgeneem.
- Die eerste nege Europese mans ontvang grond waarop hulle kon boer.
- Jan van Riebeeck het by die Kaap die Goeie Hoop aangekom.
- Kimberley is as die middelpunt van die diamantmynbedryf gevestig.
- Die Britte het ’n veldslag in die Zuluhoofstad Ulundi gewen. (5 × 1) (5)

7.3 Die Handves van Regte stel mense in staat om hul eie besluite te neem.

Verduidelik vryheid van beweging en verblyf. (4 × 2) (8)

7.4 Verduidelik hoe die fisieke domein in laat volwassenheid lyk. (5 × 1) (5)

7.5 Volgens G. Lenski, sosioloog, is daar verskillende kommunikasievlakke en maniere waarop die ekonomie werk.

Bespreek landbousamelewings en virtuele samelewings.

(2 × 2) (4)

**[30]**

## VRAAG 8

8.1 Schön, ’n opvoedkundige spesialis, voer aan dat ons ekspertkennis deur middel van twee afsonderlike maar verwante prosesse ontwikkel: *refleksie-oor-aksie* en *refleksie-in-aksie*. Verduidelik die verskil tussen die twee. (2 × 2) (4)

8.2 In Bloom se taksonomie beteken evaluering dat die onderwyser verskillende aktiwiteite in die klas kan gebruik.

Noem enige SES van daardie aktiwiteite. (Enige 6 × 1) (6)

8.3 Wanneer jy as die opvoeder kinders waarneem om die sterkte van hul intrapersoonlike intelligensie te bepaal, watter vrae sal jy stel? (4)

8.4 Noem en verduidelik Bronfenbrenner se ekologiese stelselteorie. (4 × 2) (8)

8.5 Noem SES spesiale behoeftes wat by Witskrif 6 ingesluit is. (6 × 1) (6)

8.6 Hoe sou jy insluiting in die onderwysstelsel verduidelik? (1 × 2) (2)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 120**
**GROOTTOTAAL: 180**

Kopiereg voorbehou